**HILLCREST HIGH SCHOOL**

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

**NOVEMBER 2019**

**EKSAMEN**

**GRAAD 8**

**PUNTE : 60**

**TYD: 1 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit EEN afdeling :

   AFDELING A: GEDIGTE & FILMSTUDIE (60)

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE!!!***

**Afdeling A: GEDIGTE**

**Beantwoord AL die vrae wat volg.**

**VRAAG 1: MY HART IS ‘n HAMBURGER**

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**My hart is ‘n hamburger**

Ek spaar vir ‘n kitaar om my songs
vir jou te speel. My sad en silly songs
wat ek net vir jou wil sing. Dis die enigste
rede waarom ek naweke waiter.
Maar vroeër vanaand was jy
onverwags saam met
hom
hier by die Spur en sommerso
on the spur of the moment het ek
my hart in ‘n hamburger bun voor jou neergesit
(tjips, geen uieringe) en gesê:
“Lekker eet.”

Jaco Jacobs





1.1. Vir watter tipe musiekinstrument spaar die spreker? 1

1.2. Vir wie wil hy sy liedjies op die musiekinstrument speel? 1

1.3. Gee die korrekte standaard Afrikaans vir:
   a. Songs
   b. Sad
   c. Waiter 3

1.4. Die volgende stelling is ONWAAR. Haal aan om jou antwoord te bewys.
   **Die spreker gaan sy liedjies vir die leerders speel.** **1**

1.5. Waar werk die spreker naweke? Gee die plek se naam. 1

1.6. Haal ‘n voorbeeld van alliterasie uit die gedig aan. 1

1.7. Haal een woord uit die gedig aan wat bewys dat die spreker nie verwag het die meisie sal saam met iemand anders uitgaan nie. 1

1.8. Watter ses opeenvolgende woorde vertel vir jou dat die seun op die meisie verlief was? 1

1.9. Hoe het die seun haar hamburger bedien. Haal drie opeenvolgende woorde aan 1

1.10. Het die spreker goeie maniere teenoor die meisie gewys? JA/NEE? Haal twee opeenvolgende woorde aan as antwoord. 1

1.11. Hoe dink jy het die spreker aan die einde gevoel? 1

1.12. Hoekom het die spreker so lank gewag om vir die meisie te wys hoe hy oor haar voel? 1

1.13. Sal die spreker nogsteeds by die Spur werk? Haal een sin uit die gedig aan om jou antwoord te bewys. 1

**[15]**

**<u>VRAAG 2 : AS LARA GLIMLAG</u>**

**Lees deur die volgende gedig en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

**As Lara glimlag**

As Lara glimlag
word my skooltas onverwags lig,
wiskunde eensklaps maklik
en verstaan ek daai Shakespeare-gedig.
As Lara glimlag
verdwyn die grys ou skoolgebou.
Haar glimlag kan jou selfs
van Maandae laat hou.
As Lara glimlag
kry my rugbytoks vlerke,
kan selfs verloor oukei voel.
Ek wens net Lara se glimlag
was spesiaal vir mý bedoel.




2.1. Hoe voel die spreker oor Lara? Verduidelik in jou eie woorde. 1

2.2. Van watter skoolvak hou die seun nie? Skryf net die skoolvak neer, 1

2.3. Watter aspek van Engels kan die spreker maklik verstaan as Lara glimlag? Haal een versreël aan as jou antwoord. 1

2.4. Van watter weeksdag hou die spreker gewoonlik nie? 1

2.5.1 Watter sport speel die spreker op skool? 1
2.5.2. Haal een woord uit die gedig aan om jou antwoord te bewys. 1

2.6. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en letter neer.

2.6.1.**Lara kan beskryf word as** :

A. ‘n vriendelike meisie
B. ‘n ongelukkige meisie
C. ‘n onbeskofte meisie. 1

2.7. Die volgende stelling is ONWAAR. Haal aan om jou antwoord te staaf.
**Die spreker se rugbyspan verloor nooit nie.** **1**

2.8.1. Was Lara die spreker se nooi? Ja/Nee? 1
2.8.2. Verduidelik jou antwoord. 1
**[10]**

**<u>VRAAG 3: PIETER IN DIE PLAYSTATION</u>**

Lees deur die gedig en beantwoord die vrae wat volg.

**Pieter in die Playstation**

My beste vriend Pieter
het PlayStation gespeel, heeldag
Hy het nooit opgehou nie-
tot laaaaat in die nag.

Maar een Saterdagoggend
toe hy nog knoppies druk,
is die liewe, lawwe Pieter
deur die PlayStation ingesluk.

Nou sit hy vas in ‘n speletjie.
En hier’s die nare ding:
as jy die X-knoppie druk,
dan moet Pieter spring.

Nou speel ek ook PlayStation
Maar net omdat ek moet,
want Pieter het my mooi gevra
dat ek hom elke dag groet.




***Louis Fourie***

3.1. Wie is die spreker in die gedig? 1

3.2. Wat is Pieter se gunsteling ding om te doen? 1

3.3. Watter woord in strofe 1 sê dat Pieter **al die tyd** PlayStation gespeel het? 1

3.4. Haal ‘n voorbeeld van assonansie uit strofe 1 aan? 1

3.5. Hoekom word **" laaaaat "** so geskryf? 1

3.6. Wat is die nare ding wat met Pieter gebeur het? 1

3.7. Wanneer het dit gebeur? 1

3.8. Haal 'n voorbeeld van alliterasie in strofe 2 aan. 1

3.9. Waarom dink jy, is Pieter 'n **"lawwe"** seun? 1

3.10. Die volgende stelling is WAAR. Gee 'n rede vir jou antwoord deur uit die gedig aan te haal.
**Die spreker moet Pieter elke dag wanneer hy speel groet,** 1

**[10]**

**<u>VRAAG 4 :VAKANSIE</u>**

Lees deur die gedig en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**VAKANSIE deur Elizabeth Fourie**



1 Vakansie is net om die draai
2 Dis weer tyd om die motor te laai
3 Ag Pa, maak tog gou!
4 Ons wag net vir jou
5 Dan kan ons lekker laat waai.

6 Die fles met koffie is in
7 Die feestyd gaan nou begin
8 Gepak is my tas
9 My gordel is vas
10 Die tyd na die see toe raak min.

11 Ek sien die see….
12 Ag Ma, kan ons sommer nou dadelik gaan swem?

13 Sambrele, sambrele – 'n bloue, 'n gele
14 Staan oral gepak op die strand
15 Die grafies en emmers, die mooiste kastele
16 Gebou van die sagte spierwit sand.

17 Die kinders wat lag en skater en skater
18 En plas in die water
19 Pa lê so lui op sy rug
20 Desembervakansie
21 Die son dans 'n dansie
22 En lag in die helder blou lug

4.1. Haal vier opeenvolgende woorde uit strofe 1 aan wat aandui wanneer dit vakansie is. 1

4.2. Haal 'n voorbeeld van klanknabootsing in strofe 5 aan. 1

4.3. Haal 'n voorbeeld van ellips uit die gedig aan. Skryf die versreël neer. 1

4.4. Gee 'n voorbeeld van personifikasie in die laaste strofe. Haal die twee versreëls aan. 2

4.5. Gedurende watter seisoen gaan hulle met vakansie? 1

4.6.1. Stem jy saam met die volgende stelling? Sê Ja of Nee. 1

4.6.2. Gee 'n rede vir jou antwoord.
**Daar is baie min mense op die strand**. 1

4.7. Wat bou die kinders op die spierwit sand? 1

4.8. Die volgende stelling is ONWAAR. Haal uit die gedig aan om jou antwoord te bewys.
**Hulle drink net koeldrank op pad see toe.** 1

**[10]**

**<u>VRAAG 5 : FILMSTUDIE : AGENT 2000: DIE LAKSMAN</u>**

Beantwoord die vrae wat op die filmstudie gebaseer het. Kies die woorde uit KOLOM B wat die beste by die woorde in KOLOM A pas. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 5.1. Madelie | A. Die hoof se naam |
| 5.2.Spikey | B. Die skool se naam |
| 5.3. rugby | C. Die Wiskunde onderwyser se naam |
| 5.4. elektriese fiets | D. Wat die nuwe graad 8's genoem word |
| 5.5.Mnr. Von Brakel | E. Die persoon wat saam met Walter 'n tou eet |
| 5.6. groentjiekonsert | F. Die hoofseun is die kaptein van hierdie span |
| 5.7.selfoon | G. Waarmee Walter op sy missies ry. |
| 5.8.Mej. Kieswetter | H .Die item wat Walter by die Naude's se huis vergeet het |
| 5.9.Renardo | I. Die hoofkarakter se suster se naam |
| 5.10.Balie | J Die skool se slagspreuk |
| 5.11.Hier bou ons vriendskappe | K. Die sport wat Walter moet speel om sy spiere op te bou. |
| 5.12.Hoërskool Randburg | L .Walter se dier se naam |
| 5.13. atletiek | M. Die Laksman se derde slagoffer |
| 5.14. Slakke | N. Die seun wat van Chante-Amoré hou |
| 5.15. Annabel Fourie | O. Die dans waarna die graad 8's gaan |
| 5.16. Juffrou Schutte | |

**[15]**

**GROOTTOTAAL : [60]**